# Dis toe pa in parka

OM op Marion - eiland te beland, is iets wat nie vir baie manne te beurt val nie. As jou predikant-pa vir wie jy 'n jaar laas gesien het, boonop onverwags sy opwagting op die afgeleë eiland maak, word dit 'n gebeurtenis wat mens nie maklik sal vergeet nie.

Dit was die ervaring van twee Bloemfonteiners, mnr. Naas Kritzinger (21) en sy pa, ds. Naas Kritzinger, leraar van die NG gemeente Rodenbeck.

Ds. Kritzinger het 'n plan gehad om sy seun te gaan verras, en het hom goed versteek binne die swaar baadjie wat hy gedra het.

„Ek het my half vervies vir die man wat sy gesig in die parka wegsteek en so aan my hand klou, want ek wou foto's neem van die skip en die helikopters. Eers toe die man sê „Hallo seun", sien ek dis my pa. Die blydskap kan ek nie beskryf nie."

Ds. Naas Kritzinger het die voorreg gehad om as kapelaan van die Suid-Afrikaanse sending na die weerstasie op Marion-eiland te gaan, waar sy seun, ook Naas, al meer as 'n jaar as mediese ordonnans diens doen.

Ds. Kritzinger het vooraf gevra dat die owerhede sy reis na Marion verswyg sodat hy sy seun kan verras.

„Ek het geweet Naas se hare en baard is aan die lang kant, en het dus geen probleme gehad om hom uit die helikopter te herken nie," vertel ds. Kritzinger. „Dit was heerlik om te weet ek gaan my seun 'n groot verrassing gee. Die oomblik toe hy my herken, het sy gesig die ene ongeloof en blydskap weerspieël. Ek sal daardie gesig nooit vergeet nie."

Dit was bloot toevallig dat ds. Kritzinger gevra is om as kapelaan vir die sending op te tree. Die nuwe manne wat nou op Marion gestasioneer is, is deurgaans op die seereis daarheen deur hom bearbei en voorberei op 'n jaar van eensaamheid in die onherbergsaamheid van die eiland.

„Naas het vir ons geskryf hoe hy opsien na die tyd van oorgawe aan die nuwe span, want dan sou hy sy klein kamertjie met iemand moes deel. Hy het egter glad nie omgegee om dit met sy pa te deel nie," lag ds. Kritzinger.

„Ons het tot in die vroeë ure van die oggend vir twee weke lank net gesels oor alles wat in die afgelope jaar gebeur het. Dit was een lang fees. Ek sal dit vir min ander dinge in die lewe verruil".

DIE VOLKSBLAD, SATERDAG 16 MEI 19

Naas junior het as lid van die Staande Mag aangesluit om as mediese ordonnans vir die Marion-sending in aanmerking te kom, en sê die tydperk daar was vir hom as mens 'n openbaring. Hy het direk ná skool by die Weermag aangesluit, en wil aanstaande jaar gaan studeer.




*„Al, om so 'n lok by te kom," lag ds. Naas Kritzinger van die NG-gemeente Rodenbeck buite Bloemfontein. Hy wys hier wat een van die dae met sy seun, Naas, se hare gedoen gaan word. Naas het die welige dos tydens 'n jaarlange ekspedisie na Marion-eiland laat groei om te help teen die bittere koue van die afgesonderde eiland.*